HOOFSTUK 1: Die rol van telersgenootskappe

SA Stamboek Handleiding vir Stoettelers, Hoofstuk 3

Suid-Afrikaanse stoettelers voel soms oorweldig deur al die organisasies in die stoetbedryf; wat hulle doen en hoe hulle mekaar aanvul. Die telersgenootskap is waarskynlik een van die belangrikste organisasies vir die stoetteler.

'n Telersgenootskap kan omskryf word as 'n organisasie van telers van 'n spesifieke ras wat die belange van daardie ras op die hart dra en dit só bestuur dat die kenmerke van daardie diere die maksimum voordeel teweeg sal bring vir die telers en eienaars. Die konsep van 'n telersgenootskap word so belangrik geag dat dit in die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet Nr. 62 van 1998) gedefinieer word en sekere belangrike magte en pligte aan telersgenootskappe toegewys word. Luidens die Wet word 'n dieretelersgenootskap as volg omskryf:

'n Dieretelersgenootskap is 'n groep persone wat die teelt, die aantekening of registrasie, die genetiese verbetering en die gebruik van 'n soort dier of 'n dier van 'n verklaarde ras van daardie soort dier bevorder; wat rasstandaarde bepaal en toepas; wat in sy uitsluitlike diskresie die aantekening of registrasie van 'n dier of 'n verklaarde ras van 'n soort dier, geteel in of ingevoer na die Republiek, aanbeveel; en wat ingevolge die Wet geregistreer is.

Die taak van 'n betrokke telersgenootskap word omskryf in sy grondwet, wat gesamentlik deur die lede geformuleer word en na behoefte verander kan word.

TAKE

Die hooftake van 'n telersgenootskap is om:

- 'n beleid te formuleer oor:
  - rassuiwerheid en -identiteit
  - aantekeningspraktyke
  - teeltpraktyke
  - lidmaatskap van die telersgenootskap
  - rasverbetering
  - raspromosie, en die bestuur van die telersgenootskap.
- die geformuleerde beleid so ten uitvoer te bring dat:
  - die ras sy identiteit behou
  - die ras sal floreer en vooruitgaan, en
  - die telers en eienaars van die diere van die ras die maksimum voordeel kan haal uit hul aktiwiteite met die ras.

DOEL

Alle telersgenootskappe het die volgende doelwitte:

- ras-identiteit
  - om die uniekheid van die ras te vestig
  - om die doel van die ras te identifiseer, en
  - om te bepaal waar die ras in die breë landbou- en ekonomiese gemeenskap inpas.
- verbetering van die ras met behoud van sy unieke eienskappe
  - om rasstandaarde vas te stel en om te sien na die gedissiplineerde toepassing daarvan, en
  - om 'n teeltbeleid daar te stel, gebaseer op kennis van die mark en behoeftes in die bedryf.
- raspromosie
  - om gevestigde metodes aan te wend en innoverende maniere te vind om die ras te bevorder.
- koste-effektiewe bestuur
  - om die finansies van die genootskap verantwoordelik te bestuur
  - om die teeltbeleid bekend te stel en toe te pas
  - om 'n raad saam te stel wat die lede verteenwoordig
  - om funksionele komitees daar te stel wat verantwoordelik is vir gereelde terugvoering
  - om kantooradministrasie te behartig, deeglike reëlings te tref vir vergaderings en notules van sulke vergaderings te hou en te versprei
  - om tydige kennisgewings uit te stuur
  - om inspeksies en skoue te organiseer en boeredae te reël, en
  - genootskappe kan, soos wat talle reeds doen, gebruik maak van die dienste van die Sekretariaat, 'n diens deur SA Stamboek se bate-maatskappy, Stemma Animalia (Edms.) Bpk., om die vele administratiewe take van die genootskap te behartig teen 'n verhalende fooi.

AKSIES

Die aksies om die doelwitte te bereik is:

a. die bepaling van die ras se nis en rol in die bedryf
b. die bepaling van mark- en bedryfsbehoeftes
c. die objektiewe bepaling van die geskiktheid al dan nie van die ras vir hierdie behoeftes
d. die kwantifisering en dokumentering van die eienskappe en kenmerke van die ras
e. die ontwikkeling van interne en eksterne kommunikasieprogramme:

- intern: telerinligting, opleiding en terugvoering oor:
  die rol van die ras en die behoeftes van die mark/bedryf
  die sterk en swak punte van die ras; hoe om die tekortkominge aan te spreek en voordeel te trek uit die sterk punte, en kommunikasie met en tussen telers oor die instelling van 'n gepaste kennisbasis, korporatiewe identiteit, die bevordering van samehorigheid en die vestiging van 'n eenvormige, gesamentlike reklameboodskap.

- ekstern: reklame- en bemarkingsveldtogte wat:
  die behoeftes van die bedryf aanspreek
  die belange van die ras en die genootskap bevorder
  'n aanvraag na diere van die ras sal bevorder
  eerlik en sonder vooroordeel is, en
  op die ras gemik is eerder as op die telers.

Hierdie aksies verg besondere samehorigheid onder en samewerking deur alle telers van die ras asook 'n sterk verhouding tussen die telers, hul kliënte en ander rolspelers.

DIE BESTUUR VAN TELERSGENOOTSKAPPE

Weens wêreldwye deregulering van die landboubedryf, besorgdheid oor die omgewing en toenemende bewustheid van produkveiligheid en die welstand van diere, is dit duidelik dat die rol van telersgenootskappe al hoe meer sal moet aanpas by veranderende omstandighede.

Telersgenootskappe is verantwoordelik vir die bewaring en ontwikkeling van twee waardevolle hulpbronne, naamlik die rasse wat hulle verteenwoordig en die mense wat by dié rasse betrokke is deur hul gemeenskaplike belangstelling en geesdrif.

SA STAMBOEK EN TELERSGENOOTSKAPPE

Die Wet bepaal dat 'n registrasiesertifikaat slegs deur 'n geregistreerde registrerende owerheid uitgereik mag word. 'n Telersgenootskap het die reg om aansoek te doen om self as 'n registrerende owerheid geregistreer te word, maar dit word algemeen aanvaar dat dit nie die telersgenootskap se taak is om datavaslegging en -verifikasie uit te voer nie; sy taak is eerder rasverbetering en bevordering. Dus verkies die meeste telersgenootskappe om gebruik te maak van die dienste van 'n bestaande registrerende owerheid, soos SA Stamboek met sy 67 telersgenootskappe van alle spesies.

Die SA Stamboekvereniging is 'n vereniging van telersgenootskappe met die basiese doel om hierdie genootskappe in staat te stel om hulle doelwitte te bereik. SA Stamboek se missie is juis om 'n beduidende rolspeler in die genetiese verbetering van diere in Suid-Afrika te wees.

SA Stamboek se breë doelstellings is om telersgenootskappe te bemagtig deur:

- betroubare rekordhouding van stambome en teeltinligting en die uitreiking van outentieke registrasiesertifikate namens die telersgenootskappe volgens aanvaarde internasionale standaarde
- rasstandaarde namens die telersgenootskappe toe te pas
- die betrokke telersgenootskappe en hulle lede te motiveer tot die genetiese verbetering van hul aangetekende diere se produksiepotensiaal, die bevordering van rassuiwerheid en aanvaarde teeltbeginsels
- prosedures en data van internasionaal aanvaarbare standaarde beskikbaar te stel
- die gemeenskaplike belange van stoettelers en telersgenootskappe te beskerm en te bevorder
- die gebruik van geregistreerde diere as teelouers te bevorder in die breër veebedryf
- die uitvoer van geregistreerde diere, semen en embrio's te bevorder
- die instandhouding van 'n databasis waarvan die integriteit onbetwisbaar is en
- tegniese en raadgewende dienste te lewer aan telersgenootskappe en hul lede.

As registrerende owerheid is dit SA Stamboek se verantwoordelikheid om toe te sien dat alle aangetekende diere aan die minimum rasstandaarde van die betrokke telersgenootskap voldoen.

TELERS SE PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

By die aantekening van diere is dit noodsaaklik om daarop te let dat die integriteit van die data en die kwaliteit van die verslae aan telers enersyds afhang van die registrerende owerheid se stelsels, prosedures en verifikasies, en andersyds van die kwaliteit van die rou data wat die teler verskaf. Die teler het dus ook 'n verantwoordelikheid om te sorg dat die data wat ingestuur word voldoen aan die voorskrifte en bepalings van sy betrokke telersgenootskap se grondwet, en bylaes daartoe.